Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
MEI 2024
Bulletin
#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

KONSEPBEGROTING & HERSIENE GOP

JY'T NET TOT 3 MEI TYD OM KOMMENTAAR TE LEWER!

Sedert die konsepbegroting en hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) vir die 2024/25-boekjaar voor die Raad gedien het, lê dit tot insae vir openbare kommentaar.

As deel van die openbaredeelnameproses, is die Overstrand Munisipale Adviesforum 'n geleentheid gegun om sy insette te lewer ten tyde van 'n vergadering wat op 24 April gehou is. Insgelyks is die konsepdokumente ook breedvoering bespreek in spesiale wykskomiteevergaderings wat oral in die Overstrand vanaf 2 tot 25 April vir hierdie doel byeengeroep is.

Enigeen wat nog nie hierdie konsepdokumente onder oë gehad het nie en/of steeds van voorneme is om kommentaar daarop te lewer, moet asseblief teen nie later nie as 3 Mei 2024 reageer.

Neem kennis dat dieselfde reëlings ook geld vir die konsep- sektorale planne wat betrekking het op waterdienste en rampbestuur wat integraal by die GOP ingesluit is.

Alle insette en kommentaar komende van die publiek en tersaaklike belanghebbendes sal deeglik oorweeg word en sal in ag geneem word in die formulering van die hersiene GOP en finale 2024/2025-begroting wat vir goedkeuring op 31 Mei 2024 aan die Raad voorgelê gaan word.

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, doen 'n beroep op almal wat belang by Overstrand het om tog maar die hersiene GOP en konsep-begroting te bestudeer en kommentaar daarop te lewer.

"Vra jouself in die besonder af of jy saamstem met die prioriteite wat spesifiek vir jou wyk in die GOP geïdentifiseer is: Weerspieël daardie prioriteite waarlik die wense en behoeftes van diegene wat in daardie wyk woon of sake doen?

"Hou in gedagte dat die ooreengekome prioriteite die kapitaalbesteding vir die 2024/25-boekjaar bepaal en dat sodra vasgemaak, niks of niemand aan die begroting kan torring nie. Met ander woorde, as 'n projek nie by die GOP ingesluit is nie, is dit onmoontlik om fondse daarvoor toe te wys," het sy gewaarsku.

• Die onderskeie dokumente kan via die munisipaliteit se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za afgelaai word.

2024/25-KONSEPBEGROTING IN 'N OOGOPSLAG

Inkomste/uitgawes:

Die begrote inkomste (uitgeslote kapitaaltoewysings) beloop R1 829 miljard en die begrote bedryfsuitgawes R1 944 miljard (ingeslote niekontantitems soos waardevermindering). Derhalwe weerspieël die begroting 'n tekort van R114 92 m. Die bedrag wat vir uiters spesifieke kapitaalprojekte begroot is, beloop R152 033 m.

Voorgestelde persentasiestyging per hoofdiens:

- Eiendomsbelasting: 8%
- Water: 6%
- Riolering: 8,9%
- Vullisverwydering: 11%

STANFORDBEHUISING

FASE 1 NADER VOLTOOIING

Benewens minister Tertuis Simmers en Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie, was onderburgemeester rdh. Lindile Ntsabo sowel as die burgemeesterskomiteelid vir die portefeulje gemeenskapsdienste rdl. Ronald Nutt, die raadslid vir Wyk 1 rdh. Dudley Coetzee en die direkteur: gemeenskapsdienste Seon Swartz daar om in die vreugde te deel van die 23 bejaarde begunstigdes wat op 2 April 2024 vir die eerste keer die sleutels tot 'n huis van hul eie ontvang het.

Op 2 April 2024 is die sleutels tot hul heel eerste huise deur Tertuis Simmers, die Wes-Kaapse minister van infrastruktuur, aan drie-en-twintig bejaarde begunstigdes van die Stanford-geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprogram oorhandig.

In totaal sal 300 *Breaking New Ground*-huise as deel van Fase 1 gelewer word, waarvan 100 in die loop van April oorhandig is en die res vóór die einde van Augustus 2024 oorhandig sal word.

In sy programrede het Minister Simmers beide die provinsiale en plaaslikeowerheid-amptenare geloof vir hul koersvaste toewyding en vasberadenheid om in die kortste moontlike tyd diegene in nood van behuisingsoplossings te voorsien waarop hulle met reg trots kan wees.

"Die feit dat die eerste 100 eenhede binne so min as sewe maande gelewer is sedert die eerste sooi in Augustus 2023 gespit is, is werklik merkwaardig en getuig van 'n voorneme om die lewensgehalte van almal wat in die Wes-Kaap woon, te verbeter en om hoop te bou," het hy gesê.

"Wanneer al drie fases van hierdie R150-miljoen-projek voltooi is, sal die integrasie van die 783 erwe wat onderskeidelik vir enkelresidensiële- (770), gemeenskaplike (6) en sake- (7) doeleindes gesoneer is na verwagting volop geleenthede ter verbetering van alle begunstigdes se welstand en bestaansmiddele bied," het Simmers bygevoeg.

In haar rede het Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie stukrag aan minister Simmers se boodskap verleen deur begunstigdes aan te moedig om by hul nuwe gemeenskap betrokke te raak en om met trots om te sien na hul huise en buurt.

"Julle het nou 'n plek wat julle jul eie kan noem, maar van nou af is dit julle verantwoordelikheid om om te sien na dit wat regmatig aan julle behoort," het sy gewaarsku.

"Sorg allereerste dat jy 'n testament opstel om te verseker dat jou eiendom in die regte hande beland wanneer jy te sterwe kom.

"Tweedens, moenie probeer om die eiendom wat jy pas bekom het, sommer more of oormore te verkwansel of te verhuur nie. Moet ook asseblief nie probeer om dit, sonder die nodige goedkeuring, in 'n spazawinkel te omskep nie. Sou jy dit doen, gaan jy weer in iemand se agterplaas moet bly en nooit ooit weer vir 'n staatsbefondsde behuisingsgeleentheid in aanmerking kan kom nie.

"Wees eties, wees eerlik en kyk mooi na dit wat aan jou behoort," het die Burgemeester vermaan.

1STE DONDERDAE

ROEKELOSE MOTORFIETSRYERS GROOT KOPSEER IN ONRUS/VERMONT

Neville Michaels (direkteur: beskermingsdienste), onderburgemeester Lindile Ntsabo (burgemeesterskomiteelid vir beskermingsdienste) en rdl. Charmaine Resandt (Wyk 13-raadslid) luister aandagtig na inwoners se kommer oor die gevare wat roekelose jeugdige motorfietsryers inhou en voorstelle oor hoe hierdie situasie tot almal se beswil bygelê kan word.

Onrus/Vermont se inwoners en sake-eienaars het die gespreksgeleentheid op die eerste Donderdag in April gebruik om hul kommer te lug oor die ernstige gevaar wat jeugdige motorfietsryers se roekelose gedrag en algehele verontagsaming van padveiligheidsreëls inhou vir al wat leef en beef.

Dit het gelei tot 'n konstruktiewe gesprek waartydens verskeie kwessies van wesenlike belang onder die loep geneem is.

In hul onderskeie hoedanighede as die hoof van die portefeulje en direkteur van die departement beskermingsdienste het beide rdh. Lindile Ntsabo en Neville Michaels onderneem om die weg te baan vir verdere oorlegpleging in hierdie verband met die uitdruklike voorneme om intervensies en maatreëls te konseptualiseer wat moontlik as oplossings vir die heersende situasie kan dien.

Nadat daar ooreengekom is oor hoe daar werk gemaak gaan word van die roekelose motorfietsryerkwessie, is diegene wat die uitreik bygewoon het die geleentheid gegun om persoonlik met Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, en munisipale bestuurder, Dean O'Neill, te gesels oor ander aangeleenthede wat hulle na aan die hart lê.

Soos gebruiklik was die voorsitters van die onderskeie portefeuljes en topamptenare van die onderskeie direktorate daar om te luister na en om persoonlik raad te bied oor hoe kwessies opgelos kan word.

Ten tyde van dié uitreik is finansies verteenwoordig deur rdl. Stephen Williams en Santie Reyneke-Naudé; gemeenskapsdienste deur rdl. Ronald Nutt en Seon Swartz; bestuursdienste deur rdl.

Arnie Africa en Desireé Arrison; plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur rdh. Elnora Gillion en Frieda Lloyd; en investering en infrastruktuur deur rdl. Clinton Lerm en Stephen Müller.

Die Burgemeester was in haar noppies dat soveel inwoners die moeite gedoen het om April se gespreksgeleentheid by te woon en moedig almal wat in die Overstrand woon of sake doen aan om die Eerste Donderdag-uitreike te gebruik as 'n geleentheid om hul kommer onder die munisipaliteit se aandag te bring en om voorstelle te maak oor hoe die uitdagings waarvoor Overstrand te staan kom op 'n volhoubare wyse die hoof gebied kan word.

"As daar iets is wat krap of jou erg ontstel, of as jy daarvan oortuig is dat jy moontlik die beste oplossing vir 'n probleem bedink het, , daag asseblief op met dié wete dat ons alle openhartige en konstruktiewe insette verwelkom," het sy gesê.

PEARLY BEACH-WATERBEHANDELINGSAANLEG

DRINGENDE INGRYPING VERVROEG

Soos berig in *Bulletin* se Maart-uitgawe, het Munisipaliteit Overstrand 'n proses van stapel gestuur om die Pearly Beach-water-behandelingsaanleg op te gradeer tot op 'n punt waar water vanuit die Koekemoerdam behandel kan word tot op SANS 0241-standaarde vir drinkwater sonder die nodigheid om dit met water vanuit die Pearly Beach-dam te vermeng.

Aanvanklik sou die opgradering in die 2024/25-kapitaalbegroting gedek word, maar gegewe die benarde stand van sake het die munisipaliteit R2 472 306 (BTW uitgesluit) in die huidige boekjaar vir noodintervensies toegesê en, as alles volgens plan verloop, word daar voorsien dat die opgradering teen einde Mei vanjaar voltooi sal wees.

Te danke aan die uitstekende samewerking van die Pearly Beach-gemeenskap wat gehou het by die waterbeperkings wat sedert Februarie 2024 geld, het die damme se vlakke oënskynlik ietwat gestabiliseer met die Koekemoerdam wat tans op 60% staan en die Pearly Beach-dam op 20%.

Desnieteenstaande, gegewe die lae vlak van die Pearly Beach-dam en die verergerde bruinerige kleur van die water wat uit die Koekemoerdam onttrek word, kan die bestaande proses wat oorspronklik ontwerp is om 'n vermenging van water komende van beide damme te behandel, nie meer die mas opkom nie en daarom is daar besluit om die opgradering te vervroeg.

Ongeag die noodintervensies gaan ondersoeke na die haalbaarheid van grondwater as waterbron vir Pearly Beach voort, en inwoners kan gerus wees dat alles moontlik gedoen word om toekomstige watersekuriteit te verbeter en om afhanklikheid van uitsluitlik oppervlakwater te verlaag.

VOËLKLIP-AFLAAIPUNT SLUIT VOORTAAN VROEËR

Verskeie inwoners en sakeondernemings in die onmiddellike omstreke van die Voëlklip-aflaaipunt (geleë langs die OK MiniMark in 7de Straat) het laat blyk dat hulle besorg is oor hul veiligheid en gekla oor die gemors wat veroorsaak word deur rondlopers wat ná donker deur die vullishouers snuffel.

In reaksie is 'n besluit geneem dat die bedryfsure van die Voëlklip-aflaaipunt in die toekoms as volg sal wees:

- Maandae tot Vrydae: 08:00 - 17:00
- Saterdae: 09:30 - 15:30
- Sondae: 10:00 - 16:30
- Openbare vakansiedae: 09:30 - 13:30

Huishoudelike afval sal steeds soos gebruiklik op Maandae afgehaal word, maar diegene wat eiendomme in die Voëlkliparea verhuur, moet asseblief die nuwe reëlings betreffende die aflaaipunt onverwyld onder hul huurders/gaste se aandag bring.

home affairs
Department:
Home Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BINNELANDSE SAKE SE VERLENGDE URE

Met die oog op die komende verkiesing het die departement van binnelandse sake sy ure verleng om voorsiening te maak vir diegene wat aansoek wil doen vir/of Slim ID-kaarte en/of Tydelike Identifikasiesertifikate wil afhaal.

Kantore sal nou oop wees op:
- Saterdag 4, 11, 18 en 25 Mei van 08:00 tot 13:00
- Maandag 27 en Dinsdag 28 Mei van 16:00 tot 19:00
- Woensdag 29 Mei van 07:00 tot 21:00

***Let daarop dat hierdie datums deur die departement van binnelandse sake verskaf is en onderhewig is aan verandering.**